Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com

Jaargang 3 Uitgawe 66

Praat met jou hele lewe!

Johannes 4:14: "Wie egter van die water drink wat Ek hom sal gee, sal nooit ooit weer dors word nie. Daar sal iets in daardie persoon gebeur. Die water wat Ek vir hom sal gee, sal in 'n fontein binne-in hom verander. Hierdie bor-relende, lewende water sal maak dat hy vir ewig sal lewe."

Baie mense word vandag aangegryp deur die fenomenale woorde en dade van die Man van Nasaret. Helaas is hulle nie aldag net so opgewonde oor sommige van sy volgelinge nie. Mahatma Gandhi het op 'n keer gesê dat hy vir Jesus sou volg, was dit nie vir sy volgelinge wat lewensgroot in die pad gestaan het nie. Op sy beurt het die filosoof Nietzsche gesê dat Jesus die laaste Christen was van wie hy weet. Nou ja, ten spyte van al die skandes en tekortkominge van party van Jesus se navolgers, moet jy en ek sorg dat ons 'n lewende verskil maak. Nee, ons moet die verskil elke dag uitleef. Ons durf nie nog vlekke op die sonde-bekrapte padkaart van die kerkgeskiedenis aanbring deur ons sondige lewenswyse nie.

In ons dag is die veranderde lewens van gewone mense, wat van kop tot tone getuig dat Jesus die Here is, lewende megafone. Mense met nuwe lewens verkondig hard en die heel duidelikste dat die Christendom eg is. Mense wat Jesus enduit volg en Hom op sy voorwaardes volg, is altyd lewende preke! Hulle woorde en dade vertel 'n nuwe verhaal vn hoop en lewe!

Fransiskus van Assissi, die rykmanskind wat letterlik alles prysgegee het om 'n voltydse volgeling van Jesus te word en wat later die Fransiskaanse orde vir monnikke gestig het, het op 'n dag gesê: "Wees met alles binne in jou 'n getuie vir Christus, en as dit regtig moet, gebruik woorde ook!" Wel, sorg dat jy hierdie jaar 'n 24/7@365 getuie vir die lewende Christus (24 uur per dag, sewe dae per week, 365 dae van die jaar). Volg Hom elke dag enduit. Loop in pas met Hom. Sorg dat jou horlosie sinkroniseer met die hemelse tydwysers. Vervang jou jaarbeplanner met Christus S'n! Dan is jy op koers! (Stephan Joubert)

LIG-Huis byeenkoms vanmiddag 20 Junie 2008 om 13:30. Die Here het in ons gemeente 'n bediening van gebed gevestig. Deur gebed help ons die Koninkryk groei. Die L. I. G. –Huis (**L**ewend **I**n **G**ebed) bediening vorm die wese van ons gemeente se bediening in die die UAE. Ons vra dat almal wat LIG

Huise ontvang het, asseblief sal kom bywoon. Ons nooi ook almal wat nog nie 'n LIG-Huis ontvang het nie en een wil ontvang (die wat alreeds betrokke is maar ook die wat nog nie betrokke is nie en graag wil inskakel) om asseblief hulle name op die invul lys by die deur te skryf en seker te maak dat hulle vanmiddag kom inskakel. Die program vanaf 13:30-17:00 bestaan uit terugvoer en getuienis, gebedshoogtepunte tot nou, 'n kort toerusting rondom intresessie gebed. Daarna gaan ons oor tot gebedstasie gebede. Moet asseblief nie die geleentheid misloop nie. Ons nooi veral ook ons tieners om betrokke te raak.

Harde kopieë van DEEL 5 van 70 Dae deur die Romeine Brief en Gebed is beskikbaar by vanoggend se dienste vir afhaal. Dit is die LAASTE deel en ons eindig volgende Vrydag met die 70 Dae deur Romeine.
Die elektroniese formaat is Woensdag reeds aan almal ge-epos. Indien jy nog nie die e-fomaat ontvang het nie kan jy op ons webtuiste by www.dubaigemeente.com ingaan en dit aflaai. Ek weet dat almal nie 100% op datum is nie en dat daar heelwat versoeke is vir die harde kopie formaat.

Volgende Vrydag bedien ons die doop tydens die Jebel Ali diens. Indien daar nog ouers is wat babas ten doop wil bring moet hulle asseblief Firenza epos by admin@dubaigemeente.com

Op Saterdag 28 Junie bid ons manne (pa's en seuns) weer saam. Met die somer op hande sal ons vroeg moet wikkel indien ons woestyn toe gaan. Sodra dit duidelik is waar ons byemkaar gaan kom sal ons per epos laat weet.

Leierspanbou byeenkoms op Vrydag 4 Julie 2008. Ons versoek dat almal wat in leierskapkonteks in ons gemeente dien asseblief sal bywoon. (Kerkraad, selleiers, gebedsleiers en jeugleiers). Die program sal in die komende week uitgestuur word.

Afrikaanse Gemeente UAE

GEMEENTE PROGRAM VIR JULIE 2008

Julie 2008						
Mon	**Tue**	**Wed**	**Thu**	**Fri**	**Sat**	**Sun**
	1	2	3	4 Nagmaal Leiers spanbou (jeug, sel, kerkraad, gebed, ouers)	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15 Familie- en Sangaand	16	17	18	19	20
21	22	23 24 Uur Gebed	24	25 Lidmaat(skap) Toerusting Program	26 Manne Gebedsoggend	27
28	29	30 Gensingsdiens	31			

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Kontaknommer Waldo: 050 553 9234. tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Riaan en Petro Bezuidenhout in die Gardens 49** op grondvloer no 1. Hulle vergader om 19:00. Die groep wissel in hulle saamkom. Kontaknommer is Riaan 050 640 1082. Tyd is 19:00
- Aan huis van **Tienie en Sandra Ferreira in Um Suqeim. Al Thanya straat 70.** Kontaknommer is Johan Swart 050 451 2807. Tyd is 19:00
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie of André . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196 of André 0503954800

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arbaian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392